***Aan die Meer van Galilea:***

### *Johannes die Doper twyfel aan JaHshua as Messias; die antwoord van die Meester hierop*

**143** Toe die leerlinge, soos nou duidelik vertel is, die plek verlaat waar Ek hulle die opdragte gegee het, bly Ek daar nog tot sononder, seën daardie arme volkie en die kindertjies en trek toe ook verder met nog `n groot aantal leerlinge wat My omring na die stede langs die Meer van Galilea. Sommige van die leerlinge wat by My gebly het, woon daar en was daar gebore. Ek leer en predik daar Self wat Ek die twaalf opgedra het om te leer en te predik en Ek genees orals die siekes. *(Matthéüs. 10: 1)*

[2] In hierdie tyd was Johannes egter, wat aan die Jordaan gedoop het, al deur Herodes in die gevangenis gegooi; die oorsaak daarvan was die priesters in Jerusalem wat daarvoor by Herodes al hulle invloed aangewend het; want hulle kon Johannes nie vergewe nie dat hy hulle ook as "slanggebroedsel" en "adder-gebroedsel" uitgemaak het. Maar self durf hulle die prediker in die woestyn nie beleër nie, omdat hulle wel weet dat die volk hom as `n groot profeet beskou het; daarom verskuil hulle hulle natuurlik deur middel van geld en politieke druk agter Herodes en Herodes neem hom gevange onder die voorwendsel dat hy `n gek was wat die volk oprui en hulle koppe met allerlei staats-gevaarlike idees volstop en die mense se koppe dikwels op hol jaag.

[3] Maar eintlik kon dit Herodes weinig skeel wat Johannes leer, by hom tel slegs dat hy daarmee `n goeie buit kon opraap. Herodes het Johannes daarom nie so heel streng opgesluit gehou nie en vir `n redelike bedrag kon enigiemand hom in die gevangenis besoek. Leerlinge van Johannes wat dit kon bewys, betaal vir `n hele week slegs `n stater, terwyl andere vir `n dagbesoek `n silwerling moes betaal.

[4] Herodes het ook heeltemal geen beswaar daarteen gehad dat Johannes in `n groot saal waarvan manne nou `n groot gevangenis gemaak het, net so veel te predik en lawaai te maak as wat hy maar kon en gewou het, want dit bring Herodes soveel meer geld in die laaitjie.

[5] Dikwels besoek hy Johannes self en beur hom op deur te sê dat hy nou juis in die gevangenis, waar hy veilig was teen die priesters en die fariseërs, nog meer van hom moes laat hoor as voorheen in die woestyn by Betábara, en hy noem homself vriend en beskermer van Johannes.

[6] Johannes weet in sy gees wel met wie hy te doen het; maar hy benut hierdie geleentheid tog en predik in sy gevangenis verder en sy leerlinge mag vryelik by hom kom, natuurlik wel teen die klein vergoeding van `n stater per week. Tempelpriesters moet `n pond betaal as hulle na Johannes toe wil gaan en op hulle vraag aan Herodes waarom hy Johannes in die gevangenis verder laat predik, antwoord **Herodes,** die sluwe jakkals: "Dit is `n geheime politieke lis van my, daardeur leer ek al die aanhangers van hierdie staatsgevaarlike man ken!" Daardie antwoord was aanleiding vir die priesters om Herodes besonder te prys en hulle skenk hom baie goud, silwer en edelstene; want hulle dag by hulleself: "Dit is die regte man; hom moet ons soveel moontlik steun; hy is voorbestem om al daardie profetegespuis uit die weg te ruim."

[7] Maar Herodes, `n gebore Griek, vind slegs geld belangrik en al die ander kon hom nie in die minste geskeel het nie. Behalwe geld het slegs nog baie mooi bywywe vir hom enige waarde gehad. Om hulle te plesier kon hy selfs onmenslik word as hulle dit verlang; verder kry niemand sonder geld iets met hom gedoen nie - maar vir geld doen hy dan ook alles.

[8] Aan die hand van hierdie noukeurige beskrywing van Herodes is dit vir enigeen wel duidelik hoe Johannes in sy gevangenis sy leerlinge by hom kon hê en hoe hy daardeur, sowel deur sy leerlinge asook deur ander mense wat hom dikwels besoek het, op die hoogte kon bly van My doen en late in Galilea.

[9] Omdat **Johannes** in die gevangenis hoor hoe Ek leer en werk, stuur hy spoedig twee van sy betroubaarste leerlinge na My toe *(Matthéüs. 11: 2)* en laat hulle vra: "Is U die Een wat voorspel is om te kom, of moet ons nog op `n ander wag?" *(Matthéüs. 11: 3)*

[10] Hier sal **mense** vra: "Hoe is dit moontlik dat Johannes, wat as eerste die grootste en skitterendste getuienis oor My gegee het, so iets kon vra?" Vir diegene wat iets verder kan dink as die materiële, is die rede hiervoor uiters eenvoudig en selfs baie natuurlik.

[11] Nadat Johannes My leer ken het, meen hy, en was ook heeltemal daarvan oortuig, dat Ek onmiskenbaar die beloofde Messias was en dat die hele Judese volk slegs al deur My koms so goed as volledig verlos was en dat al die mag van die grotes van die wêreld vir ewig opgehou het. Toe hy egter in die gevangenis kom en daar van dag tot dag meer van oortuig raak dat met My koms die mag van die grotes van die wêreld nie opgehou het nie, maar inteendeel groter geword het, begin Johannes ook by homself `n bietjie aan My egtheid te twyfel.

[12] Want **hy** dag by homself: "As hierdie JaHshua uit Násaret werklik die Beloofde is, die Seun van die lewende Elohim, hoe kan hy my dan in die steek laat en my nie bevry uit die gevangenis nie en hoe kon hy dit toelaat dat ek in die gevangenis kom?"

[13] Daarenteen hoor hy van diegene wat hom besoek watter ongehoorde dade Ek verrig en daarom stuur hy dan twee van sy betroubaarste leerlinge na My toe, wat My die bogenoemde vraag moet stel.

[14] Omdat Ek wel die rede geweet het waarom Johannes dit aan My laat vra het, antwoord **Ek** die leerlinge heel kort en sê aan hulle: "Gaan heen en vertel

aan Johannes wat julle sien en hoor *(Matthéüs. 11:4):* die blindes sien, die lammes loop, die melaatses word rein, die dowes hoor, die dooies staan op en vir die armes word die evangelie gepredik. *(Matthéüs. 11:5)* **En salig is en word diegene wat nie aan My aanstoot neem nie!"** *(Matthéüs. 11:6)* Toe weet die leerlinge nie wat hulle daarop moet sê nie.

### *Die getuienis van die Meester oor Johannes die Doper*

**144** Na `n rukkie vra die oudste van hulle aan My waarom Johannes nou in die gevangenis moet wegkwyn terwyl hy tog nog nooit teen Elohim of enige mens gesondig het nie.

[2] **Ek** sê: "As hy dit wou, sou ook hy vry kon wees! Die maan doen snags wel goeie diens, maar as hy ook met die son wil wedywer, as sou sy lig bedags naas die son net so belangrik wees as dié van die son, dan vergis die maan hom grootliks. Want as die son eenmaal daar is, dan kan die aarde die skynsel van die maan heel goed mis. Verstaan jy dit?

[3] Toe Johannes My duidelik herken op die oomblik dat Ek aan die Jordaan na hom toe kom, hoekom verkies hy toe om My nie te volg nie? Hy bly in sy woestyn en gedra hom daar steeds as `n strenge boeteling - en hy het tog nooit gesondig nie. Waarom doen hy dit dan? - Hy het homself aan Herodes uitgelewer; nou moet hy maar sien hoe hy met die jakkals gaan klaarkom!

[4] Sê hom egter ook dat Ek nie gekom het om die grotes hulle aardse mag te ontneem nie, maar om hulle op hulle heerserstoele te bevestig. Maar wie met My wil twis, die sal `n harde stryd moet deurstaan!"

[5] Nadat die twee leerlinge hierdie woorde van My gekry en gehoor het, antwoord hulle niks meer nie, maar neem afskeid, gaan dadelik terug na Johannes in Jerusalem en dra hom ook alles direk oor.

[6] **Johannes** slaan homself op die bors en sê: "Ja, ja, Hy is dit, Hy het gelyk; Hy moet groei en ek moet minder word en hierdie wêreld agter my laat."

[7] In die dorpie Seba, `n vissersdorp aan die Meer van Galilea, was baie bewoners en ook diegene wat My uit ander dorpies daarheen gevolg het, baie verbaas oor Johannes die Doper en sê: "Hoe is dit moontlik dat hy `n sonde begaan het? Want dat hy U, o Meester, nadat hy U tog herken het, nie gevolg het nie, dit was dan tog `n hoofsonde waarvoor hy nou moet boet? Meester, het ons ongelyk as ons so oordeel?"

[8] **Ek** antwoord hulle egter: "As die volle maan snags skyn, dan gaan almal na buite, bewonder haar lig en verheug hulle daaroor; maar as die son kom, terwyl die nog maan heel bleek en mat aan die hemele hang, dan wend almal hulle af van die maan, laat hulle oë op die magtige sonlig rus en prys dit in elke vonkelende doudruppel; want onder die son glans één druppel water meer as tien mane snags.

[9] Is dit dan `n sonde van die maan dat sy oordag deur die son verduister word en dat selfs één doudruppel voor die oë van die toeskouer meer lig uitstraal as die hele maan?

[10] Ek sê vir julle almal: wie ore het, laat hom hoor! Ook die Menseseun is `n son en Johannes is Sy maan. Die maan gee wel lig in julle geestelike nag en getuig vooraf oor die lig wat nou by julle gekom het en wat julle nog steeds nie herken in julle duisternis nie; as die glans van hierdie maan nou egter mat word, omdat die son van die dag by julle skyn, hoe kan julle hom dan van sonde verdink?

[11] Waarlik, Ek sê vir julle, solank daar al mense op hierdie aarde bestaan vanaf Adam tot nou toe, het nog nooit `n suiwerder siel in `n liggaam gewoon en dit tot lewe gebring nie!

[12] Nou vra Ek egter, omdat julle almal in die woestyn by die doop en prediking van Johannes was - julle het almal sy prediking gehoor en die meeste het hulle ook laat doop - waarvoor het julle dan die woestyn ingegaan?

[13] Wou julle miskien `n riet sien, wat die wind heen en weer beweeg? *(Matthéüs. 11: 7)* Of het julle daarheen gegaan om `n mens te sien wat in sagte kleding gehul was? Kyk, diegene wat sagte klere dra, woon in paleise, maar nie in die harde woestyn by Betábara nie! *(Matthéüs. 11: 8)* Of het julle daarheen gegaan om `n profeet te sien?

[14] Ja, Ek sê vir julle: Johannes is méér as `n profeet! *(Matthéüs. 11:9)* Want van hom staan geskrywe: **"Kyk, Ek stuur My boodskapper voor U uit, wat U weg voor U sal berei!"** *(Matthéüs. 11:10)* Bemerk julle nou wie hy is?

[15] Voorwaar, Ek sê dit nog duideliker as wat Ek dit al vroeër aan julle gesê het: onder almal wat vanaf die begin uit vroue gebore is, was daar nie één wat groter was as hierdie Johannes die Doper nie; maar Ek sê vir julle ook dat van nou af aan die kleinste in die Ryk van Elohim groter sal wees as hy. *(Matthéüs. 11:11)*

[16] Maar onthou ook dit: sedert die dae van Johannes die Doper tot nou toe en voortaan het die hemelryk onder geweld gely, en die wat geweld aandoen, die trek dit na hulleself toe! *(Matthéüs. 11:12)*

[17] Alle profete en ook die wet van Moses het voorspellings gedoen tot by Johannes. *(Matthéüs. 11:13)* Hy was die laaste profeet vóór My.

[18] As julle dit wil glo, **dan is juis hierdie Johannes dieselfde as EliJaH wat in die toekoms, dit wil sê vóór die Messias, nog eenmaal moes kom!** *(Matthéüs. 11:14)* Hy het dan ook gekom en het voor My geprofeteer en het My weg voorberei, soos wat julle dit self ondervind het. Sê nou of julle nou weet wie Johannes is!"